# HOOFSTUK V.

## KRITIESE BESKOUING.

Ter afronding word hier nou 'n saaklike kritiese beoordeling uit prinsipiële oogpunt gegee in die besonder van die Transvaalse kosskoolstelsel met enkele opmerkings ook oor die ander stelsels asook oor die opvoedingspraktyk getoets aan dié van die „Public School" om dan af te sluit deur enkele riglyne vir die toekoms aan te stip.

A. PRINSIPIEEL.

I. Die Transvaalse stelsel.

Gemaklikheidshalwe word die norm waaraan elke aspek getoets word, telkens eers gestel. Word die Transvaalse stelsel dan daaraan getoets, blyk die toestand soos volg te wees:

1. Wese van die opvoeding. Norm: Na sy wese is opvoeding 'n organiese eenheidsproses[1] waar alle dualismes vermy word.

Met betrekking tot die fundamentele vereiste dat die opvoeding van die kind 'n organiese eenheidsproses moet wees soos wat hy 'n organiese wese is, 'n vereiste wat ook geld vir die skoolopvoeding en deurgaans op die voorgrond gestel word deur die „Public School", blyk dit dat die opvoedingsproses van die Transvaalse kosskool nóg in die beleid[2], nóg in die praktyk[3] benader word as 'n eenheidsproses.

2. Wese van die skool. Norm: Na sy wese is die skool 'n selfstandige instelling wat gebore is uit die huisgesin[4].

Toe omstandighede so geword het dat ouers nie meer die restante gedeelte van hul opvoedingstaak kon behartig nie en die verpligting derhalwe op hulle as die natuurlike opvoeders gerus het om weë en middele te bedink om die toestand die hoof te bied, het nie hulle nie, maar die

1). Kyk bl.5, 45.
2). Kyk bl.163.
3. Kyk bl. 177.
4. Kyk bl. 48.

staat na vore gekom om die nodige voorsiening te maak en wel deur nog 'n opvoedingsinstelling, nl. 'n koshuis los van die skool, te stig i.p.v. die logiese stap te doen, nl. om die funksie van die skool uit te brei om ook die restant van die ouer se opvoedingstaak te behartig.
Op hierdie manier het 'n stelsel ontstaan wat twee afsonderlike instellings behels: die skool wat uit nood geskep is om die huisgesin te help en wat later deur die staat oorgeneem is en 'n koshuis wat deur die staat gestig is.[1]

3. Funksie van die skool. Norme: a) Die skool staan in diens van die ouergemeenskap om te help met daardie deel van die ouer se opvoedingstaak wat hy onder heersende omstandighede nie kan behartig nie.[2]

b) Die skool kweek en vorm die lewens- en wêreldbeskouing in aansluiting by die huislike opvoeding deur onderwysers te gebruik wat dieselfde lewens- en wêreldbeskouing toegedaan is.[3]

Die stelsel met sy twee instellings staan wel in diens van die ouers in soverre dit sy opvoedingstaak namens hom moet verrig. By die skool het die staat sy beleid enersyds so beplan dat kinders in ooreenstemming met die wense van hul ouers opgevoed moet word.[4] Andersyds word egter weer bepaal: „Geen bepaalde leer of dogma wat onderskeidend is van 'n besondere godsdienstige gesindte of sekte mag in enige openbare skool gedoseer word nie."[5] Nou bestaan daar twyfel of die dosering van 'n dogma uit 'n skool geweer kan word. So sê Biskop Gray, die stigter van Diocesan College: „I cannot understand how you can suppose that religious instruction can be undenominational, for since history forms a part of education, how can the children be taught about the Reformation, or other periods, when great Church movements took place without the teacher taking a distinct side

1. Kyk bl. 167.
2. Kyk bl. 50.
3. Kyk bl. 69.
4. T.O.D.: Onderwysordonnansie 1953, art. 3(d) (11).
5. Ibid, art. 53(4).

upon a question of that sort, and leading their minds in his own particular direction?"[1] In dieselfde trant beweer dr. J.D. du Toit: „Geen onderwijzer tog die man van karakter en overtuiging is, kan de Bijbelsche Geschiedenis verhalen zonder overal zijn overtuiging te laten invloeien, hetzij als dogma des geloofs of als dogma des ongeloofs".[2] Dog indien dit ten spyte van hierdie gesaghebbende uitsprake aanvaar word dat dit wel gedoen kan word, is die twee bepalings weer teenstrydig, want word die een gehandhaaf t.o.v. die verbreiding van die lewens- en wêreldbeskouing in die skool, dan bots dit met die ander.

By die koshuis word bepaal dat omgesien moet word na die geestelike welsyn van die kind deur „in loco parentis" op te tree[3] en dit behoef seker geen betoog dat die kweking van die lewens- en wêreldbeskouing in aansluiting by die huisgesin logies daaruit voortvloei nie, dog dan ontstaan die vraag weer in hoeverre dit verenigbaar is met die bovermelde bepaling van die ordonnansie wat dit verbied. En nog dit: die reëls wat die „in loco parentis"-bepaling neerlê, vloei voort uit regulasies wat gebaseer is op 'n wet wat al herroep is.[4] Die posisie is dus allesins verward.

4. <u>Instandhouding van die skool</u>. Norm: Die skool word in stand gehou uit gelde wat -

a) deur die staat uit die staatskas bygedra word;[5]
b) deur die ouers betaal word vir die opvoeding van hul kinders.[6]

Die skool word geheel-en-al onderhou deur die staat en die ouers dra nie direk by tot die instandhouding deur die betaling van skoolgeld nie, dog slegs indirek deur belasting aan die staat te betaal en vrywillige bydraes

---

1. Stiglingh, F.J.: A comparative study of the Public Schools of England and the Anglican Church schools in the Cape Province, 73-74.
2. du Toit, J.D.: Christelijk onderwijs met of zonder dogma, 12.
3. Kyk bl. 165

tot die skoolfonds, waar daar een is, te doen wat lokaal beheer en aangewend word vir belang van die skool. By die koshuis betaal die ouers losiesgeld vir hul kinders waaruit die superintendent en toesighoudende personeellede wat die opvoeding namens die ouers behartig, vergoed word, en waaruit meubels en uitrusting ook vervang word. Die staat rig egter die geboue op, voorsien die aanvangstoerusting en hou die geboue in stand en verleen aan ouers wat nie die losiesgeld ten volle kan betaal nie, bystand by wyse van beurse.

T.o.v. die koshuis handel die ouer dus volgens die norm, al is dit langs indirekte weg.

5. Beheer van die skool.

a) Die ouers.[1] Norm: Uit die bepaling van die funksie van die skool volg dit dat die ouers die gees en die rigting in die skool moet bepaal.

By die skool word voorsiening gemaak vir ouerseggenskap deur die bepaling dat daar vir elke skool 'n verkose ouerkomitee moet wees[2], dog soos reeds vermeld is, sal die komitee oënskynlik nie die reg hê om die gees en rigting van die skool namens die ouers te bepaal nie. By die ander instelling, die koshuis, het die ouer egter geen seggenskap nie, omdat daar slegs 'n benoemde komitee voorsien word om die superintendent te adviseer.[3]

b) Die kerk. Norm: Die kerk moet toesien dat die ouer sy doopbelofte uitvoer ook waar hy laat opvoed, dog hy doen dit via die lidmate.[4]

Aan die kerk word geen seggenskap toegeken nie, wat prinsipieel korrek en suiwer is.

c) Die staat. Norm: Omdat die staat moet toesien dat die onderwys op peil is, moet dit seggenskap oor die skool hê.[5]

Aangesien hulle staatsinstellings is, het die staat

---

1. Kyk bl. 50.
2. T.O.D.: Onderwysordonnansie 1953, art. 48(1)(a) en (c).
3. Kyk bl. 161.
4. Kyk bl. 72.
5. Kyk bl. 75.

volle seggenskap oor die skool en die koshuis en beheer dit nie slegs die peil van die onderwys nie.

Dit alles lei tot die gevolgtrekking dat die Transvaalse kosskoolstelsel, prinsipieel gesien, maar in weinig opsigte aan 'n aanvaarbare opvoedingsisteem voldoen.

II. Die stelsels van die ander onderwysdepartemente.

Sonder om te veel in besonderhede te gaan, kan verklaar word dat die kosskoolstelsels van die ander onderwysdepartemente op prinsipiële gronde nie verdedig kan word nie. Waar die dualisme nie so sterk is nie, nl. by die stelsels van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en by Natal, het die ouers weer nie seggenskap oor die opvoeding nie, omdat daar in die eersgenoemde geval slegs 'n benoemde komitee voorsien word en die laasgenoemde geen ouerkomitee toelaat nie. Waar wel aan die ouers seggenskap verleen word, nl. by die stelsels van die Oranje-Vrystaat en Kaapprovinsie tree plaaslike bestuursliggame met regspersoonlikheid op wat óf nie op direkte seggenskap oor die opvoeding kan aanspraak maak nie (bv. kerkrade), óf geen seggenskap behoort te hê nie (bv. munisipaliteite).

B. DIE PRAKTYK.

Indien die beskouing wat met betrekking tot die praktyk geboekstaaf is, nou geweeg word teen die „Public School" se praktyk soos opsommend weergegee op bll. 145/6, dan blyk dit dat die gangbare praktyk van die gesplete tweeheidstelsel maar 'n floue ooreenkoms toon met die hegte eenheidslees waarop dit blykens sy herkoms geskoei is, dog dit moet in gedagte gehou word dat die Transvaalse stelsel nog nie 'n kwarteeu agter die rug het nie, teenoor die eeue van die „Public School" en waar dit die geval is, hoef daar nie gewanhoop te word aan die toekoms nie, mits die nodige hervormings nie agterweë bly nie.

C. RIGLYNE VIR DIE TOEKOMS.

Indien 'n antwoord op die vraag wat gedoen moet word om die doeltreffendheid van die Transvaalse stelsel te verhoog, gevind moet word, dan kom dit voor die gees dat toe Wykeham eeue gelede die grondslag vir die „Public School" gelê het deur die stigting van Winchester, hy ook voorsiening gemaak het vir losiesfasiliteite, los van die skool, om leerlinge van buite die onmiddellike omgewing binne bereik van die skool te bring. Die gevolge van die dualistiese opvoeding wat daardeur ontstaan het, het die skole egter genoop om die losieshuisopvoeding oor te neem en mettertyd het dit uitgeloop op integrasie tussen skool- en losieshuisopvoeding tot organiese eenheidsproses.

Die Transvaal het ook in 1936 daartoe oorgegaan om by wyse van losiesfasiliteite dit vir die kinders wat buite bereik van die skool woon, moontlik te maak om die skool te besoek, dog soos in die geval van Winchester is 'n dualisme in die lewe geroep wat tewens ook nog mank gaan aan ongerymdhede en ander gebreke wat nie bevorderlik is vir doeltreffende opvoeding nie en reg gestel behoort te word.

I. Skepping van 'n kosskool.

Wanneer daar nou tot hervorming oorgegaan word, behoort die omskepping van die huidige dualistiese stelsel tot 'n kosskool in die ware sin van die woord deur integrasie van skool en koshuis tot 'n organiese eenheid waar heeldag en aldag opgevoed word, doelgerig en nie insidenteel nie, voorrang te geniet. Dit sal die eerste en grootste dualisme uit die weg ruim en daarmee saam sal die meeste van die anomalieë en ander leemtes verdwyn.

1. Herformulering van die beleid.

As eerste stap in die omskepping is nodig dat die uitvoerende, administratiewe en tegniese beleid so gewysig word dat die skeiding tussen skool en koshuis waar maar enigsins moontlik vermy word ook in die administratiewe benadering. Dit sal beteken dat die regulasies en voorskrifte so herformuleer moet word dat o.a. -

a) die hoof se verantwoordelikheid, beheer, bestuur en gesag die hele inrigting outomaties, ipso facto en ex officio omvat, waaruit voortvloei dat -

(i) begrippe soos superintendent en koshuis moet verdwyn;[1]

---

1. Blykens die Transvaalse Onderwysdepartement se omsendbrief nr. 99 van 1959, gedateer 28 November 1959, verval die „betrekking" van koshuissuperintendent op 1 April 1960. Na daardie datum sal skoolhoofde en onderwysers nie langer as koshuissuperintendente aangestel word nie, maar word 'n senior diensdoende onderwyser benoem as hoof van 'n koshuis. Die omsendbrief bepaal verder dat hoofde nog ten volle verantwoordelik sal wees vir die algemene toesig en beheer oor alle provinsiale koshuise verbonde aan hul skole. Volgens hierdie bepalings word hoofde dan onthef van die las van veelvuldige administratiewe en roetinepligte wat aan koshuise verbonde is, wat beslis 'n stap in die regte rigting is.

Of die dualisme tussen skool en koshuis nou ook gaan verdwyn, sal egter eers bepaal kan word wanneer meer inligting beskikbaar word, bv. aan wie die ouer sy opvoedingstaak voortaan sal oordra, presies wat die strekking is van die bepaling dat hoofde ten volle verantwoordelik sal wees vir die algemene toesig en beheer oor die koshuise e.s.m., want indien daar nie onomwonde bepaal word dat koshuis en skool tot 'n organiese opvoedingseenheid onder die onverdeelde en volledige sentrale gesag en verantwoordelikheid van die hoof moet integreer nie, bly die dualisme met al die leemtes wat daaruit voortvloei, voortbestaan en is daar nog weinig vordering gemaak ter verwesenliking van die ideaal om 'n kosskool in die ware sin van die woord te skep; en alvorens hierdie ideaal nie bereik is nie, sal die opvoeding van die inwonende leerlinge nie ten volle tot sy reg kom nie.

Origens word die probleem van oorbelading met administratiewe pligte nog nie deur hierdie reëlings opgelos nie, dog slegs verskuif na die „senior diensdoende onderwyser" wat vanaf die inwerkingtreding van die bepalings onder daardie las gebuk sal gaan.

(ii) vakante hoofposte geadverteer moet word as poste vir hoofde van kosskole en nie meer as hoof van so en so'n skool waar kennis van koshuishuisadministrasie noodsaaklik is nie of dat die hoof ook as superintendent moet optree nie e.s.m., want as die pos as 'n kosskoolpos geadverteer word, behoort elkeen te weet wat dit behels;

(iii) die hoof se pligte herformuleer sal moet word, dog dan moet dit in een en dieselfde publikasie verskyn en nie soos tans in twee nie;

(iv) hy ook spesifiek sal moet toesien dat alle dualismes tussen skoolbelydenis en koshuisbelewenis op alle terreine van die lewenskuns (liggaamlik, emosioneel, estetties, kultureel, sosiaal, nasionaal en sedelik-godsdienstig) uitgeskakel word, want 'n kosskool verkondig nie een leer in die skool om 'n ander te praktiseer in die koshuis nie;

(b) die skoolkomitee, beheerraad of adviesraad se magte en pligte outomaties en ipso facto die hele inrigting sal omvat waaruit volg dat -

(i) die benoemde koshuiskomitees sal verdwyn;

(ii) ouers se seggenskap via die ouerkomitee (d.w.s. skoolkomitee, beheerraad of adviesraad) oor alle aspekte van die kinders se opvoeding sal strek en nie net oor die skoolopvoeding soos tans nie;

(iii) daarmee samehangend die onderwysordonnansie so gewysig behoort te word dat die ouergemeenskap onteenseglik en bo alle twyfel die reg sal hê om die gees en rigting van die skool te bepaal, omdat dit sy plig en sy reg is en sy doopbelofte daarmee gemoeid is wat ernstige implikasies inhou vir hom en vir die skool, en veral vir die kosskool wat die ouer se opvoedingstaak in sy geheel van hom oorneem;

(c) inspekteurs van onderwys se verantwoordelikheid, ook wat inspeksie betref, outomaties, ipso facto en ex officio die hele inrigting sal omvat waaruit voortvloei dat -

(i) dit nie meer nodig moet wees om in afsonderlik voorskrifte te bepaal wat hul funksie t.o.v. koshuisaangeleenthede, en veral inspeksie, is nie;

(ii) hy nie meer net die onderwyspeil sal moet ondersoek nie, maar ook die opvoedingspeil in sy geheel;

(d) die kosskool se onderwys- en opvoedingstaak in sy geheel gesien moet word t.o.v. skool-, koshuis- en buitemuurse aktiwiteite, ook van owerheidsweë, wat sal beteken dat -

(1) die hoof as gesagsdraer se opvoedingsinvloed en -funksie gereeld, gestadig en gedurig moet geld oor en deurvloei na die leerlinggemeenskap gedurende en na skoolure via personeellede wat in permanente beheer oor groepe inwonende leerlinge staan;

(ii) voorsiening gemaak moet word vir die skepping van 'n huislike atmosfeer as teenvoeter vir die oormatige regimentering waarvoor nodig is dat gekeurde, getroude huisvaders met bevoegde eggenotes aan die hoof van huiseenhede geplaas word om permanente voogdyskap te beoefen oor die lede van die huisgroepe solank as wat hulle aan die sorg van die kosskool toevertrou is;

(iii) by die werkverdeling onder die personeel die hele volume so ná moontlik gelyklik verdeel moet word om oorbelading[1] uit te skakel en aan koshuisopvoeding as belangrike deel van die inrigting se werk die erkenning te verleen wat dit verdien;

(iv) die personeelkwota nie langer net volgens die skoolinskrywing bepaal behoort te word nie, maar dat die omvang van die opvoedingswerk wat uit die koshuis by kom ook in aanmerking geneem sal moet word, want meer werk verg meer personeellede - 'n beginsel wat reeds erkenning geniet blykens die instelling van surnumerêre poste aan landbouhoërskole[2].

Die argument dat die toesighoudende personeellede nie aanspraak kan maak op spesiale tegemoetkoming uit hoofde van die feit dat hulle koshuispligte het om te verrig nie omdat hulle daarvoor vergoed word, is nie grondig nie,

---

1. Kyk bll. 177/8.
2. v.d. Walt, C.: Die implikasies van die instelling van

aangesien die toegewyde personeellid en sy gesin soveel moet ontbeer t.o.v. hul gesinslewe en vrye tyd dat hulle kwalik na behore vergoed kan word, afgesien nog van die verantwoordelikheid wat sodanige personeellede dag en nag moet dra, sowel as die hoë persoonlikheidsvereistes waaraan hulle moet voldoen en die besondere professionele kwalifikasies waaroor hulle moet beskik indien hulle waardige opvoedende huisvaders wil wees.[1]

Die metamorfose van dualisme na organiese eenheid sal nie oornag geskied nie, want die dualistiese benadering het al gevestig geraak, dog na verwagting behoort die bovermelde stappe tog 'n spoedige verandering te bewerkstellig, omdat alle betrokkenes hul taak in 'n nuwe lig sal sien, veral as daarmee saam 'n nuwe terminologie geskep en gehandhaaf word. Indien „toesighoudende onderwyser" weer gewysig word tot „huisvader" soos dit vroeër bekend was, kan dit daartoe bydra om die besef te laat deurdring dat sy funksie nie is om toesig te hou nie, d.w.s. om die leerlinge op te pas nie, maar om 'n vader vir hulle te wees en hulle op te voed.

Daarbenewens kan die oorskakeling in uitkyk en benadering langs sekere weë bespoedig word.

2. Voorligting. As eerste versnellingsmiddel kan voorligting genoem word, wat kan geskied by wyse van rondskrywes aan skoolhoofde en onderwysers waarin die taak, funksie, struktuur, organisasie, metode en ander basiese aangeleenthede in verband met kosskoolopvoeding uiteengesit word. Ook die inspekteurs van onderwys kan veel doen in hierdie verband deur hoofde individueel in te lig, personeelgroepe toe te spreek, konferensies te belê ens. Verder kan hoofde van skole besoeke gaan aflê by „Public Schools" om op hoogte van sake te kom.

Soos wat die inligting versprei, sal die insig kom en dit, gerugsteun deur roepingsbewustheid en idealisme, sal die tempo versnel.

---

[1] Kyk bl.131 e.v.

3. Statusverlening. Indien aan die huisvader 'n besondere status verleen word en die rol wat sy eggenote in sy ampsvervulling speel, erken word - al is dit dan nie-amptelik - sodat hulle as egpaar die agting van die skool-, ouer- en buitegemeenskap geniet, kan dit daartoe bydra om positiewe opvoeding te bewerkstellig met die trots van die huiseenheid as spoorslag. Hierdie poste ressorteer dan onder die gesogtes, nie om die materiële voordeel wat daaruit geput word nie, maar om die professionele prestasie wat daarmee gepaard gaan sowel as die genoegdoening wat voortvloei uit die waardige beoefening van voogdyskap.

4. Onderwysersopleiding. 'n Volgende middel wat voor die hand lê, is om by die opleiding van onderwysers ook aandag aan kosskoolopvoeding te skenk deur gedurende die opleidingstydperk te sorg dat kennis geneem word van die prinsipiële, fundamentele en aktuele sake waaraan leemtes in die bestaande praktyk toe te skryf is weens gebrek aan begrip daaraan.[1] In die besonder moet beklemtoon word die noodsaaklikheid van grondige kennis van die adolessent, insig in sy probleme en behoeftes, die aangewese optrede teenoor hom as jongmens en die siening van die kosskoolgemeenskap as adolessente portuurgroep waar hy hom tuis en welkom kan voel en waar sy „afwykings" aanvaar word as normale verskynsels van sy besondere ontwikkelingsfase.

Reëlings behoort ook getref te word dat gekeurde kwekelinge 'n deel van hul praktiese opleiding aan 'n „Public School" kan geniet om eerstehandse kennis van die kosskoolpraktyk in al sy fasette op te doen. Langs hierdie weg sal sake algaande vorder, veral wanneer onderwysers wat so onderlê is, gevorder het tot huisvaders en later tot hoofde.

5. Geboubeplanning. 'n Volgende aktuele aangeleentheid wat die aandag van owerhede verdien en wat sal meehelp om die kosskoolsiening te bevorder, lê op die gebied van beplanning van doeltreffende geboue vir die huisvesting van inwonende leerlinge en huisvaders, sodat dit moontlik sal wees om 'n

ander belangrike kenmerk van die „Public School" in te voer, nl. die stigting van huise. Daarvoor is nodig dat die gebou so beplan word dat kleiner huiseenhede met 'n bevoegde getroude onderwyser as hoof as 'n familie-eenheid kan saamwoon, aangesien hierdie eenhede so'n belangrike funksie verrig teenoor individu en gemeenskap. Waar bestaande geboue hulle daartoe leen, behoort omskepping om aan hierdie vereistes te voldoen oorweeg te word. Ook in hierdie verband kan die „Public School"-ervaring nuttiger aangewend word deur hulle te besoek en uit te vind wat hulle deur die eeue leer ken het as essensieel i.v.m. geboubeplanning.

Benewens hierdie faktore wat direk verband hou met die omskepping van die huidige stelsel tot 'n kosskool, is daar egter ook faktore wat indirekte invloed uitoefen maar wat tog van aktuele belang is.

II. Uitskakeling van stremmende faktore.

Waar die gesag, bestuur en beheer in die kosskool met sy omvattende taak by die hoof setel, moet hy soveel moontlik gevrywaar word van stremmende faktore sodat hy sy onverdeelde aandag kan skenk aan sy hooffunksies in volgorde van belangrikheid[1] en in hierdie verband is daar veral twee aangeleenthede om te bespreek.

1. Die Transvaalse prosedure insake art. 89 van die Suid-Afrika-wet.

Soos reeds beskryf,[2] is daar in die administratiewe beleid bepaal dat die Transvaalse provinsiale koshuise hul eie fondse moet beheer en administreer om plaaslike belangstelling aan te wakker. Nou mag hierdie reëling baie goed bedoel wees, dog die uitwerking daarvan is nie heilsaam nie, veral om twee redes:

a) Dit bring 'n groot hoeveelheid ekstra administratiewe werk m.b.t. boekhouding, finansiële verslae wat ingedien moet word, ouditering, ens. met hom mee, en 'n groot deel van hierdie las moet dikwels deur die superintendent gedra word as gevolg van gebrek aan bevoegde personeel en

1. Kyk bl.166.
2. Kyk bl.161.

waar die hoof ook die superintendent is, word hy daardeur belemmer in die uitoefening van sy eintlike funksies.

Indien teruggekeer word na die oorspronklike bepaling van die wet waarvolgens alle geld wat ontvang word in die provinsiale kas gestort en alle rekenings daaruit betaal moet word - 'n prosedure wat nog steeds deur die orige onderwysdepartemente gevolg word - word die kosskool onthef van hierdie addisionele las.

Dog ook om 'n ander rede is dit wenslik om die oorspronklike te volg: Indien die geld wat die ouers betaal in die provinsiale kas gestort word en nie meer beskou en bestempel word as losiesgeld nie maar as skoolgeld, dan dra die ouers inderdaad direk by tot die opvoeding van hul kinders en word 'n prinsipiële misstand tegelykertyd reggestel.

b) Die prosedure van plaaslike finansiële beheer werk egter op 'n ander wyse ook stremmend op die hoof in, want aangesien daar nou plaaslike verantwoordelikheid vir die finansiële welsyn aanvaar moet word, bring dit ook sy kommer en sorge mee - veral as die fonds uitgeput raak en die superintendent nie weet waar om geld te vind vir die salarisse, lone en talle rekenings wat betaal moet word nie. Hierdie kommer en sorge behoort nie die lot van die hoof (as hy die superintendent is) of enige onderwyser te wees nie, want dit is nie bevorderlik vir die behoorlike uitoefening van sy belangrikste taak, nl. opvoeding nie.

c) Die plaaslike finansiële beheer bring verder met hom mee dat die behandeling en versorging van inwonende leerlinge van skool tot skool en van tyd tot tyd kan wissel na gelang van die finansiële stand van die inrigtings, waarin die bekwaamheid van die superintendent t.o.v. finansiële aangeleenthede 'n bepalende faktor is. Bestendigheid in hierdie opsig is net so wenslik en noodsaaklik as in ander opsigte en kan ~~uitgeskakel~~ verseker word deur sentrale finansiële beheer gepaard met voorsiening van die nodige lewens- en ander middele volgens 'n hoofdelike toewysing, liefs op hoeveelheidsbasis.

d) Die talle reëls en voorskrifte, die groot aantal boeke wat moet bygehou word en verslae wat moet ingedien word, die besoeke van die koshuisadviseur en ouditeurs, die vermelding van die noodsaaklikheid om vertroud te wees met koshuisadministrasie wanneer vakante hoofposte geadverteer word, lei tot oorbeklemtoning van hierdie administratiewe aangeleenthede met die gevolg dat soveel aandag noodwendig daaraan geskenk word dat die inwonende leerling se opvoeding nie veel verder as die insidentele, voortvloeiende uit sy lidmaatskap van 'n gemeenskap, kom nie.

2. <u>Voorsiening van bevoegde administratiewe personeel</u>.

Indien daar egter 'n grondige rede vir die plaaslike finansiële beheer bestaan, behoort 'n amptenaar soos die „bursar" van die „Public School" voorsien te word wat die verantwoordelikheid en werk onafhanklik en selfstandig kan behartig, en aangesien dit op sigself al 'n voltydse betrekking is, behoort verdere voorsiening gemaak te word om die hoof sover doenlik te onthef van administratiewe en roetinepligte sodat hy, soos reeds gesê, sy volle aandag aan sy taak kan wy.

So behoort alles denkbaar dan in die werk gestel te word deur almal wat daarmee gemoeid is om van die instelling wat die kind se opvoeding van die ouer oorneem om hom namens die ouer op te voed, 'n doeltreffende instrument te maak wat met 'n organiese, volgehoue, eenheidsproses die leerling na ewewigtige volwassenheid sal laat groei en ontwikkel, gevorm in die kosskoolgemeenskap deur die lewe vir die lewe tot 'n mens van God wat volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.[1] En wie dit wil bewerkstellig, moet besef en in ootmoed bely dat die opvoeder tot voorwerp het 'n wordende mens, 'n skepsel en beelddraer van God, wie se alwyse Skepper in sy skeppingsorde die huisgesin daargestel het as sy natuurlike, Godgegewe opvoedingsinstelling.

Hieruit vloei voort dat die opvoeding slegs dán geslaagd kan wees indien dit in die huisgesin deur die ouers geskied of anders in opdrag van die ouers en wel in 'n gees en rigting soos deur hulle bepaal in ooreenstemming met hul plegtige doopbelofte, en in lyn met hul lewens- en wêreldbeskouing.

Die huisgesin as opvoedingsinstelling setel dus in die skeppingsorde. Wie hierin ingryp en wie daarvan afwyk, hetsy dit die ouer, die skool, die kerk of die staat is, moet derhalwe weet dat hy teenstrydig met die skeppingsorde en -plan handel en dus nie net die skeppingsewewig versteur nie, maar ook die alwysheid van die Skepper, en gevolglik die eer van God, aantas; en wie dit doen, haal 'n oordeel op homself - soos die „Public School" dan ook ervaar het uit die talle sorgwekkende, kommervolle probleme waarmee hy moes worstel totdat die eenheidsbeginsel in ere herstel is en die skool geword het tot 'n instelling wat in alle opsigte - doel en strewe, funksie, struktuur, organisasie ens. - die huisgesin benader.

So noop dít alles ons om te eindig waar ons begin het: die beskouing oor en kennis van die oorsprong, wese en bestemming van die mens as skepsel van God, en die organiese eenheidsaard van die wordingsproses vanaf oorsprong na bestemming is van fundamentele belang en as sodanig behoort dit oorheersend te wees in en vir sy opvoeding waar dit ook al geskied, maar veral in die kosskool.